(1)*ter* If any accountant or auditor or his partner or any person employed by him or his partner or any person working under his supervision and control or under the supervision and control of his partner, was responsible for keeping the books, records or accounts of an undertaking, except to the extent of making closing entries or assisting with any adjusting entries or framing any balance sheet, account, statement or other document from existing records, such accountant or auditor shall, in certifying or reporting on anything in connection with the business of financial affairs of such undertaking, indicate that, as the case may be, he or his partner or a person employed by him or his partner or a person working under his supervision and control or under the supervision and control of his partner was responsible for keeping such books, records or accounts.”;

- (i) by the substitution for sub-section (2) of the following sub-section:

“(2) Any certificate required to be given or report to be made by an accountant or auditor in his capacity as accountant or auditor in pursuance of any assignment carried out by him, shall be given or made within a period of four months after the date on which the assignment was completed, and if such accountant or auditor is unable to give an unqualified certificate or make an unqualified report, he shall within the said period give that certificate or make that report subject to such qualifications as he may deem necessary, and may, if he considers it advisable, endorse on that certificate or report the reasons for any such qualification.”;

- (j) by the substitution for sub-section (3) of the following sub-section:

“(3) (a) If any person acting in the capacity of auditor to any undertaking is satisfied or has reason to believe that in the conduct of the affairs of such undertaking a material irregularity has taken place or is taking place which has caused or is likely to cause financial loss to the undertaking or to any of its members or creditors, he shall forthwith despatch a report in writing to the person in charge of that undertaking giving particulars of the irregularity, at the same time drawing

aangegee word en terselfdertyd vestig hy die aandag van die persoon in beheer op die bepalings van paragrawe (b) en (c) en versoek hy hom om skriftelik ontvangs van die verslag te erken.

(b) Tensy binne dertig dae nadat 'n ouditeur so 'n verslag afgestuur het, hy tevrede gestel is dat geen sodanige onreëlmatigheid plaasgevind het of plaasvind nie of dat doeltreffende stappe gedoen is om enige sodanige verlies wat soos voormeld berokken is, te verhaal of om enige sodanige verlies wat waarskynlik soos voormeld berokken sal word, te voorkom, verstrek hy onverwyld aan die raad afskrifte van die verslag, en van enige ontvangserkenning daarvan of antwoord daarop en sodanige ander besonderhede as wat hy goed ag.

(c) Die raad kan aan 'n prokureur-generaal of 'n beampte in die staatsdiens of 'n lid of krediteur van die betrokke onderneming enige inligting openbaar wat ingevolge paragraaf (b) aan die raad verstrek is.

(d) Ten einde te bepaal of 'n onreëlmatigheid soos by hierdie sub-artikel beoog, plaasgevind het of plaasvind, kan 'n ouditeur sodanige ondersoek instel as wat hy goed ag.

(e) Hierdie sub-artikel word nie so uitgelê dat dit aan enigiemand 'n reg verleen om 'n eis teen 'n ouditeur in te stel nie, wat hy nie sou gehad het as dit nie vir die bepalings van hierdie sub-artikel was nie."

9. Artikel *ses-en-twintig bis* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in sub-artikel (1) na die woord „moet” die uitdrukking „behoudens die bepalings van sub-artikel (3)” in te voeg;

(b) deur aan die end daarvan die volgende sub-artikel by te voeg:

„(3) By die toepassing van sub-artikel (1) beteken die uitdrukking „elke van wat hy vroeër gehad het” nie ook—

(a) in die geval van iemand wat as kind aangeneem is, sy van voor die aanneming nie; of

(b) in die geval van enigiemand, 'n van wat hy voorheen gehad het en wat verander is of in onbruik geraak het voordat hy die ouderdom van agtien jaar bereik het of verander is of in onbruik geraak het vir 'n tydperk van minstens twintig jaar nie; of

(c) in die geval van 'n getroude of geskeide vrou of 'n weduwee, die van wat sy voor haar huwelik gehad het nie."

10. Artikel *sewe-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in sub-artikel (1) al die woorde voor die woorde „en om ten opsigte daarvan” deur die woorde „Die raad is bevoeg om ondersoek in te stel na gevalle van onbehoorlike gedrag (hetsy dit voorgeskryf is of nie dat dit onbehoorlike gedrag uitmaak) waaraan persone wat as rekenmeesters en ouditeurs kragtens hierdie Wet geregistreer is of was, na bewering hul skuldig gemaak het terwyl hulle aldus geregistreer was” te vervang;

(b) deur in die voorbehoudsbepaling by sub-artikel (1) na die woorde „Met dien verstande” die woorde „dat in die geval van beweerde onbehoorlike gedrag wat die onderwerp van straf- of privaatregtelike verrigtinge in 'n geregshof uitmaak of ten opsigte waarvan die raad rede het om te glo dat dit waarskynlik so 'n onderwerp sal uitmaak, die raad die ondersoek kan uitstel tot sodanige verrigtinge afgehandel is: Met dien verstande voorts” in te voeg.

11. Die volgende artikels word hierby na artikel *agten-twintig* van die Hoofwet ingevoeg:

„Skorsing van geregistreerde rekenmeesters en ouditeurs wat verstandelik ongeskik is.

28bis. (1) Wanneer dit uit beëdigde inligting vir die raad blyk dat iemand wat kragtens hierdie Wet as rekenmeester en ouditeur geregistreer is, verstandelik in so 'n mate ongeskik geraak het dat dit in stryd met die openbare welsyn sou wees om hom toe te laat om aan te hou praktiseer, kan die raad na goeddunke ten opsigte van so iemand

the attention of such person in charge to the provisions of paragraphs (b) and (c) and requesting him to acknowledge receipt of such report in writing.

(b) Unless within thirty days after an auditor has despatched such a report, he has been satisfied that no such irregularity has taken place or is taking place or that adequate steps have been taken for the recovery of any such loss caused as aforesaid or for the prevention of any such loss likely to be caused as aforesaid, he shall forthwith furnish the board with copies of the report and of any acknowledgement of receipt thereof and reply thereto and such other particulars as he may deem fit.

(c) The board may disclose to any attorney-general or any officer in the public service or any member or creditor of the undertaking concerned any information supplied to it in terms of paragraph (b).

(d) For the purpose of determining whether any irregularity contemplated by this sub-section has taken place or is taking place, an auditor may carry out such investigations as he may deem fit.

(e) Nothing in this sub-section contained shall be construed as conferring upon any person any right of action against an auditor, which, but for the provisions of this sub-section, he would not have had."

9. Section *twenty-six bis* of the principal Act is hereby amended—

(a) by the insertion in sub-section (1) after the word "shall" of the expression "subject to the provisions of sub-section (3)";

(b) by the addition of the following sub-section at the end thereof:

“(3) For the purposes of sub-section (1) the expression 'every surname which he may have borne previously' does not include—

(a) in the case of a person adopted as a child, his surname before his adoption; or

(b) in the case of any person, any surname previously borne by him which was changed or disused before he attained the age of eighteen years or has been changed or disused for a period of not less than twenty years; or

(c) in the case of a married or divorced woman or a widow, the surname borne by her before her marriage."

10. Section *twenty-seven* of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in sub-section (1) for all the words before the words "and to impose" of the words "The board shall have power to enquire into cases of improper conduct (whether or not prescribed to constitute improper conduct) of which persons who are or were registered as accountants and auditors under this Act are alleged to have been guilty while so registered";

(b) by the insertion in the proviso to sub-section (1) after the word "Provided" of the words "that in the case of alleged improper conduct which forms or which the board has reason to believe is likely to form the subject of criminal or civil proceedings in a court of law the board may postpone enquiry until such proceedings have been determined: Provided further".

11. The following sections are hereby inserted after section *twenty-eight* of the principal Act:

"Suspension from practising of registered accountants and auditors who are mentally disabled.

28bis. (1) Whenever it appears to the board from information on oath that any person registered as an accountant and auditor under this Act has become mentally disabled to such an extent that it would be contrary to the public welfare to allow him to continue to practise, the board may, if it deems fit, hold an enquiry *mutatis mutandis*

'n ondersoek instel *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalinge van artikel *agt-en-twintig*.

(2) Indien die raad bevind dat so iemand aldus verstandelik ongeskik geraak het, kan die raad vir 'n vasgestelde tydperk die skorsing van so iemand in sy professie beveel.

(3) Die raad kan die geldingstydperk van 'n bevel kragtens hierdie artikel uitgereik, vir 'n deur die raad bepaalde tydperk verleng, of so 'n bevel intrek.

28ter. Geen regsding, hetsy straf- of privaatregtelik, kan teen die raad of 'n lid of beampte daarvan ten opsigte van 'n handeling of plig ooreenkomstig die bepalinge van artikel *ses-en-twintig*, *sewe-en-twintig*, *agt-en-twintig* of *agt-en-twintig bis* verrig, ingestel word nie."

Privilege
van raad.

12. Artikel *dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) van sub-artikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(a) behalwe met toestemming van die raad—

- (i) enigiemand terwyl so iemand kragtens 'n bepaling van hierdie Wet van openbare praktyk geskors is; of
- (ii) enigiemand wat nie kragtens hierdie Wet as rekenmeester en ouditeur geregistreer is nie en wat voorheen aldus geregistreer was; of
- (iii) enigiemand wat nie kragtens hierdie Wet as rekenmeester en ouditeur geregistreer is nie en wat die raad uit hoofde van die bepalinge van sub-artikel (6) van artikel *drie-en-twintig* geweier het om te registreer, wetens in verband met sy praktyk in diens hê nie;”.

13. Die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord „Unie” oral waar dit voorkom, deur die woord „Republiek” te vervang.

14. Hierdie Wet is ook in die gebied Suidwes-Afrika van toepassing.

15. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1962.

No. 32, 1962.]

WET

Tot samevatting en wysiging van die wette wat voorsiening maak vir die bevordering van wetenskaplike en industriële navorsing en vir die instelling van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 26 Maart 1962.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

- (i) „Minister” die Minister van wie die uitvoering van hierdie Wet ingevolge artikel *agtien* opgedra is;
- (ii) „president” die persoon wat ingevolge artikel *vyf* as president van die raad aangestel is; (iii)
- (iii) „raad” die raad vermeld in artikel *twee*; (i)
- (iv) „Republiek” ook die gebied Suidwes-Afrika. (iv)

2. Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad ingestel by artikel *twee* van die Wet op die Wetenskaplike Navorsingsraad, 1945 (Wet No. 33 van 1945), bly, ondanks die herroeping van daardie Wet deur hierdie Wet, voortbestaan en bly 'n regs persoon.

in accordance with the provisions of section *twenty-eight* in respect of such person.

(2) If the board finds that such person has so become mentally disabled, it may order the suspension of such person for a specified period from practising as a public accountant.

(3) The board may extend for any period determined by it the period of operation of, or withdraw, any order made under this section.

Privileges
of board.

28ter. No legal proceedings, whether criminal or civil, shall lie against the board or any member or officer thereof in respect of any act or duty performed in accordance with the provisions of section *twenty-six*, *twenty-seven*, *twenty-eight* or *twenty-eight bis*.”.

12. Section *thirty* of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of sub-section (1) of the following paragraph:

“(a) except with the consent of the board knowingly employ in connection with his practice—

- (i) any person while such person is suspended from public practice under any provision of this Act; or
- (ii) any person not registered as an accountant and auditor under this Act who was previously so registered; or
- (iii) any person not registered as an accountant and auditor under this Act whom the board has refused to register by virtue of the provisions of sub-section (6) of section *twenty-three*.”.

13. The principal Act is hereby amended by the substitution for the word “Union”, wherever it occurs, of the word “Republic”.

14. This Act shall apply also in the territory of South West Africa.

15. This Act shall be called the Public Accountants' and Auditors' Amendment Act, 1962.

No. 32, 1962.]

ACT

To consolidate and amend the laws providing for the promotion of scientific and industrial research and for the establishment of the Council for Scientific and Industrial Research, and to provide for matters incidental thereto.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 26th March, 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

- (i) “council” means the council referred to in section *two*; (iii)
- (ii) “Minister” means the Minister to whom the administration of this Act has been assigned in terms of section *eighteen*; (i)
- (iii) “president” means the person appointed in terms of section *five* as president of the council; (ii)
- (iv) “Republic” includes the territory of South West Africa. (iv)

2. The Council for Scientific and Industrial Research established by section *two* of the Scientific Research Council Act, 1945 (Act No. 33 of 1945), shall, notwithstanding the repeal of that Act by this Act, continue to exist and to be a corporate body.

3. Die raad het beheer oor al die aangeleenthede betreffende wetenskaplike en industriële navorsing in die Republiek wat die Minister aan hom mag toewys, of wat die raad uit eie beweging met goedkeuring van die Minister mag bevorder, en moet die Minister van advies dien aangaande alle vraagstukke insake wetenskaplike en tegnologiese metodes betreffende die gebruikmaking van die natuurlike hulpbronne van die Republiek en die ontwikkeling van sy industrieë, en insake die behoorlike koördinasie en aanwending van wetenskaplike navorsing vir daardie doel.

4. (1) Onverminderd die algemeenheid van die werksaamhede van die raad kragtens artikel drie, is die oogmerke van die raad—

- (a) om die gebruikmaking van die natuurlike hulpbronne van die Republiek te bevorder;
- (b) om toetse, ondersoeke en navorsing op die wyse wat hy raadsaam ag, te onderneem met die doel om tegniese prosesse en metodes in die industrie te verbeter, en om prosesse en metodes uit te vind wat die uitbreiding van bestaande of die ontwikkeling van nuwe industrieë of die beter gebruikmaking van afvalprodukte sal bevorder;
- (c) om wetenskaplike navorsing te onderneem of te steun in verband met die aangeleenthede wat die Minister na die raad vir ondersoek verwys;
- (d) om fasiliteite daar te stel en te beheer vir die toets en kalibrering van presisie-instrumente en meet- en ander apparate, die bepaling van hul juistheidsgraad en die uitreiking van sertifikate in verband daarmee;
- (e) om fasiliteite daar te stel en te beheer om navorsing te doen in verband met standaardisasie in die industrie en die handel;
- (f) om standaarde van fisiese hoeveelhede, met inbegrip van lengte, volume, gewig, massa, kapasiteit, tyd, hitte, lig, elektrisiteit, magnetisme, klank en ander vorms van energie in stand te hou, en om voorsiening te maak vir hul vergelyking van tyd tot tyd met internasionale standaarde;
- (g) om die opleiding van navorsingswerkers te bevorder en om navorsingsbeurse in te stel en toe te staan;
- (h) om by te dra ten bate van navorsing;
- (i) om die instelling van verenigings van persone verbonde aan die industrie met die doel om wetenskaplike industriële navorsing te doen, te bevorder, te erken en te steun, en om met sodanige ingestelde of erkende verenigings saam te werk, en op die voorwaardes wat die Minister goedkeur, bydraes aan hulle toe te ken;
- (j) om geriewe daar te stel en te beheer vir die insameling en verspreiding van inligting in verband met wetenskaplike en tegniese aangeleenthede;
- (k) om in wetenskaplike en industriële navorsingsaangeleenthede op te tree as skakel tussen die Republiek en ander lande.

(2) Die Minister kan die raad magtig om, ter bereiking van sy oogmerke, saam te werk met—

- (a) Staatsdepartemente, universiteite, tegniese kolleges en ander persone, vir die bevordering van wetenskaplike en industriële navorsing;
- (b) onderwysowerhede en wetenskaplike of tegniese verenigings in die Republiek vir die bevordering van—
 - (i) die onderwys van die wetenskap in skole, tegniese kolleges en universiteite;
 - (ii) die opleiding van ondersoekers in suiwer en toegepaste wetenskap, en van tegniese deskundiges; en
 - (iii) die opleiding van vakmanne en geskoolde ambagsmanne;
- (c) persone en verenigings wat wetenskaplike of industriële navorsing in ander lande onderneem.

(3) Die raad kan—

- (a) met goedkeuring van die Minister roerende of onroerende goed aankoop of op ander wyse verkry of besit, vervreem, huur of verhuur, en laboratoria en ander fasiliteite daarstel ter bereiking van die oogmerke van die raad; en

3. The council shall have charge of all such matters affecting scientific and industrial research in the Republic as may be assigned to it by the Minister, or as the council may of its own accord and with the approval of the Minister promote, and shall advise the Minister on all questions of scientific and technological methods affecting the utilization of the natural resources of the Republic, and the development of its industries, and of the proper co-ordination and employment of scientific research to those ends.

4. Without prejudice to the generality of the functions of the council under section three, the objects of the council are—

- (a) to promote the utilization of the natural resources of the Republic;
- (b) to undertake testing, investigation and researches in such manner as it may deem advisable, with the object of improving the technical processes and methods used in industry, and of discovering processes and methods which may promote the expansion of existing or the development of new industries or the better utilization of waste products;
- (c) to undertake or aid scientific research in connection with such matters as the Minister may refer to it for investigation;
- (d) to provide and control facilities for the testing and calibration of precision instruments, gauges and apparatus, the determination of their degree of accuracy and the issue of certificates in regard thereto;
- (e) to provide and control facilities for research in connection with standardization in industry and commerce;
- (f) to maintain standards of physical quantities, including length, volume, weight, mass, capacity, time, heat, light, electricity, magnetism, sound and other forms of energy, and to provide for their comparison with international standards from time to time;
- (g) to foster the training of research workers and to establish and award research bursaries;
- (h) to make grants in aid of research;
- (i) to foster, recognize and aid the establishment of associations of persons engaged in industry, for the purpose of carrying out scientific industrial research, and to co-operate with and, subject to conditions approved by the Minister, make grants to such established or recognized associations;
- (j) to establish and control facilities for the collection and dissemination of information in connection with scientific and technical matters;
- (k) to act as liaison between the Republic and other countries in matters relating to scientific and industrial research.

(2) The Minister may authorize the council to co-operate for the achievement of its objects, with—

- (a) any departments of State, universities, technical colleges and other persons for the promotion of scientific and industrial research;
- (b) educational authorities and scientific or technical societies in the Republic for the promotion of—
 - (i) the teaching of science in schools, technical colleges and universities;
 - (ii) the training of investigators in pure and applied science, and of technical experts; and
 - (iii) the training of craftsmen and skilled artisans;
- (c) persons and associations undertaking scientific or industrial research in other countries.

(3) The council may—

- (a) with the approval of the Minister purchase or otherwise acquire or hold, alienate, hire or let movable or immovable property, and establish laboratories and other facilities for achieving the objects of the council; and

(b) al die dinge doen wat bevorderlik is vir die bereiking van genoemde oogmerke, of wat bereken is om regstreeks of onregstreeks die waarde van die raad se eiendom of regte te verhoog of dit winsgewend te maak.

5. (1) Behoudens die bepalings van sub-artikel (2) bestaan die raad uit 'n president en elf ander lede, wat deur die Staatspresident aangestel moet word en almal persone moet wees wat onderskeiding in die wetenskap of die industrie behaal het of besondere kennis of onderoefening met betrekking tot een of ander aspek van die raad se werk het.

(2) Iemand wat onmiddellik vóór die inwerking-treding van hierdie Wet president of 'n ander lid van die raad is en nie ingevolge artikel vyf van die Wet op Standaarde, 1962, 'n lid word nie van die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde bedoel in daardie artikel, word geag ingevolge die bepalings van hierdie Wet as president of lid van die raad, na gelang van die geval, aangestel te wees, en wel vanaf die datum waarop hy president of lid daarvan geword het.

(3) 'n Lid van die raad, met uitsondering van die president, beklee sy amp vir 'n tydperk van drie jaar: Met dien verstande dat die Staatspresident die ampstermyn van 'n lid vermeld in sub-artikel (2) kan verleng vir die tydperk wat hy goedvind, maar nie tot ná die derde dag van Oktober 1964 nie.

(4) 'n Lid van die raad wie se ampstermyn verstryk het, kan weer aangestel word.

(5) Behoudens die bepalings van artikels ses, agt en nege mag 'n lid van die raad nie enige besoldiging ten opsigte van sy dienste as so 'n lid ontvang nie, maar die raad moet uit sy fondse aan so 'n lid die toelaes betaal ten opsigte van reis- en verblyf-koste deur hom aangegaan in verband met die sake van die raad wat die Minister ná oorlegpleging met die Minister van Finansies bepaal: Met dien verstande dat behalwe op aanbeveling van die Staatsdienskommissie sodanige toelaes wat betaal word aan so 'n lid wat in die voltydse diens van die staat is nie hoër mag wees nie as die wat ten opsigte van sy werk in diens van staat aan hom betaalbaar is.

(6) Die Minister moet een van die lede van die raad aanwys om as voorsitter van die raad op te tree wanneer die president afwesig is of nie in staat is om sy pligte uit te voer nie, en wanneer die president en die aldus aangewese persoon altwee van 'n vergadering van die raad afwesig is, kan die lede wat daarop aanwesig is, een uit hul midde kies om op dié vergadering voor te sit.

6. (1) Die president word aangestel vir die tydperk wat die Staatspresident bepaal en tree as voorsitter op by vergaderings van die raad, is die uitvoerende hoof-beampte van die raad, hou toesig oor die ander amptenare en werknemers van die raad, en bestuur en beheer die werk wat deur die raad gemagtig is.

(2) Die raad moet uit sy fondse aan die president die besoldiging betaal wat die Staatspresident bepaal.

(3) Wanneer die president om een of ander rede afwesig is of nie in staat is om sy pligte uit te voer nie, of wanneer die amp van president vakant is, kan die Minister op die voorwaardes en onderworpe aan die betaling van die besoldiging en toelaes wat hy ná oorlegpleging met die Minister van Finansies bepaal, iemand anders aanstel om as president op te tree tydens sodanige afwesigheid of onvermoë, of totdat 'n president ingevolge artikel vyf aangestel is.

7. (1) Die vergaderings van die raad word gehou op die tye en plekke wat die raad vasstel.

(2) Die president kan te eniger tyd 'n spesiale vergadering van die raad belê en so 'n vergadering word gehou op die tyd en plek wat die president gelas.

(3) Die kworum vir 'n vergadering van die raad is vyf lede daarvan.

(4) 'n Besluit van die raad moet geskied by 'n besluit van die meerderheid van die lede wat op 'n vergadering van die raad aanwesig is, en by 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid het die persoon wat op die betrokke vergadering as voorsitter optree, 'n beslissende stem benewens sy beraadslagende stem as lid van die raad.

(b) do all such things as are conducive to the achievement of the said objects or calculated directly or indirectly to enhance the value of or render profitable the property or rights of the council.

5. (1) Subject to the provisions of sub-section (2) the council shall consist of a president and eleven other members to be appointed by the State President, all of whom shall be persons who have achieved distinction in science or industry or who have special knowledge or experience in relation to some aspect of the council's work.

(2) Any person who immediately prior to the commencement of this Act is the president or another member of the council and who does not in terms of section five of the Standards Act, 1962, become a member of the Council of the South African Bureau of Standards contemplated in that section, shall be deemed to have been appointed in terms of the provisions of this Act as the president or a member of the council, as the case may be, as from the date on which he became the president or a member thereof.

(3) A member of the council, with the exception of the president, shall hold office for a period of three years: Provided that the State President may extend the period of office of a member referred to in sub-section (2) for such period as he may deem fit, but not beyond the third day of October, 1964.

(4) A member of the council whose period of office has expired, shall be eligible for re-appointment.

(5) Subject to the provisions of sections six, eight and nine a member of the council shall not receive any remuneration in respect of his services as such a member, but the council shall out of its funds pay to any such member such allowances in respect of travelling and subsistence expenses incurred by him in connection with the business of the council, as the Minister may after consultation with the Minister of Finance determine: Provided that except on the recommendation of the Public Service Commission such allowances paid to such a member who is in the full-time service of the State shall not exceed those which are payable to him in respect of his work in the service of the State.

(6) The Minister shall designate one of the members of the council to act as chairman of the council when the president is absent or is unable to perform his duties, and when both the president and the person so designated are absent from a meeting of the council, the members present thereat may elect one of their number to preside at such meeting.

6. (1) The president shall be appointed for such period as the State President may determine, and shall preside at meetings of the council, be the chief executive officer of the council, exercise supervision over the other officers and employees of the council, and manage and control the work authorized by the council.

(2) The council shall out of its funds pay to the president such remuneration as the State President may determine.

(3) Whenever for any reason the president is absent or unable to perform his duties, or whenever there is a vacancy in the office of president, the Minister may, subject to such conditions and the payment of such remuneration and allowances as he may after consultation with the Minister of Finance determine, appoint some other person to act as president during such absence or inability, or until a president has been appointed in terms of section five.

7. (1) The meetings of the council shall be held at such times and places as the council may fix.

(2) The president may at any time call a special meeting of the council which shall be held at such time and place as he may direct.

(3) The quorum for a meeting of the council shall be five of the members thereof.

(4) A decision of the council shall be by a resolution of the majority of the members present at any meeting of the council, and, in the event of an equality of votes on any matter, the person presiding at the meeting in question shall have a casting vote in addition to his deliberative vote as a member of the council.

8. (1) Die raad het 'n uitvoerende komitee wat bestaan uit die president en twee ander lede van die raad wat jaarliks deur die raad gekies word.

(2) Onder die toesig van die raad kan die uitvoerende komitee al die bevoegdhede van die raad uitoefen en moet hy al die pligte van die raad verrig.

(3) Die raad moet uit sy fondse aan die lede van die uitvoerende komitee, met uitsondering van die president en lede wat in die voltydse diens van die Staat is, die besoldiging ten opsigte van hul dienste betaal wat die Minister ná oorlegpleging met die Minister van Finansies bepaal.

9. (1) Die raad kan hulpkomitees instel om hom by die uitoefening van sy gevoegdhede en die verrigting van sy pligte behulpsaam te wees, en kan die persone wat hy goedvind, met inbegrip van amptenare van die raad, as lede van enige sodanige komitee aanstel.

(2) Die raad kan na goedgeken 'n bevoegdheid wat hy besit, toewys aan 'n komitee aldus ingestel, maar word nie ontdoen nie van 'n bevoegdheid wat hy aan so 'n komitee toegewys het, en kan 'n besluit van so 'n komitee wysig of intrek.

(3) Die raad moet uit sy fondse aan die lede van 'n hulpkomitee, met uitsondering van die president en lede wat in die voltydse diens van die Staat of amptenare van die raad is, die besoldiging en toelaes ten opsigte van hul dienste betaal wat die Minister ná oorlegpleging met die Minister van Finansies bepaal.

10. (1) (a) Die raad kan vir die tydperke en op die voorwaardes by regulasie ingevolge artikel *sestien* voorgeskryf, die amptenare en werknemers aanstel wat hy nodig ag om hom behulpsaam te wees om sy oogmerke te bereik.

(b) Iemand wat onmiddellik vóór die inwerking-treding van hierdie Wet 'n amptenaar of werknemer van die raad is en nie ingevolge artikel *twaalf* van die Wet op Standaarde, 1962, 'n amptenaar of werknemer word nie van die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde bedoel in daardie artikel, word geag ingevolge paragraaf (a) aangestel te wees as 'n amptenaar of werknemer van die raad, na gelang van die geval.

(2) Die president en die ander lede van die personeel van die raad wat in sy voltydse diens is en poste beklee wat deur die Minister goedgekeur is, moet lede wees van, en moet bydra tot, die voorsorgsfonds ingestel kragtens artikel *twaalf* van die „Wet tot Addisionele Regeling van het Hoger Onderwijs, 1917” (Wet No. 20 van 1917), op dieselfde wyse en op dieselfde voorwaardes asof hulle lede was van die onderwys- of administratiewe personeel van 'n universiteit soos by artikel *een* van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), omskryf, en die raad word vir die doeleindes van genoemde voorsorgsfonds geag 'n universiteit te wees soos aldus omskryf.

(3) Die raad word geag 'n „raad” te wees soos omskryf by die regulasies van genoemde voorsorgsfonds reël, en moet, ondanks andersluidende bepalings, die bydraes in dié fonds stort wat die Staat andersins daarin sou moet gestort het ten opsigte van die president en die ander amptenare en werknemers van die raad wat lede van genoemde voorsorgsfonds is.

(4) Die raad kan 'n amptenaar of werknemer van hom tydelik afstaan aan die diens van die korporasie ingestel by artikel *twee* van die Wet op die Ontwikkeling van Uitvindings, 1962, maar indien 'n amptenaar of werknemer aldus afgestaan word, word die bedinge en voorwaardes waarop hy by die raad in diens is, nie daardeur geraak nie.

11. (1) Behoudens die bepalings van artikel *twaalf* berus die regte op alle ontdekkings en uitvindings en op alle verbeterings ten opsigte van prosesse, apparaat en masjiene wat gedoen word deur amptenare of werknemers van die raad of deur persone wat navorsingsbeurse van die raad ontvang, by die raad wat sodanige ontdekkings, uitvindings en verbeterings beskikbaar moet stel vir gebruik in die openbare belang op die voorwaardes en onderworpe aan die betaling van dié gelde of tantième wat die raad bepaal ooreenkomstig regulasies uitgevaardig ingevolge artikel *sestien*.

(2) Indien die regte op 'n ontdekking of uitvinding ingevolge sub-artikel (1) by die raad berus, kan die raad aan die betrokke ontdekker of uitvinder die bonus toeken,

8. (1) The council shall have an executive committee consisting of the president and two other members of the council selected annually by the council.

(2) Under the supervision of the council the executive committee may exercise all the powers, and shall perform all the duties, of the council.

(3) The council shall out of its funds pay to the members of the executive committee, with the exception of the president and any members who are in the full-time service of the State, such remuneration in respect of their services as the Minister may after consultation with the Minister of Finance determine.

9. (1) The council may establish subsidiary committees to assist it in the exercise of its powers and the performance of its duties, and may appoint such persons, including officers of the council, as it may deem fit to be members of any such committee.

(2) The council may in its discretion assign any of its powers to a committee so established, but shall not be divested of any power assigned to such a committee, and may amend or withdraw any decision of such a committee.

(3) The council shall pay out of its funds to the members of a subsidiary committee, with the exception of the president and members who are in the full-time service of the State or officers of the council, such remuneration and allowances in respect of their services as the Minister may after consultation with the Minister of Finance determine.

10. (1) (a) The council may for such periods and subject to such conditions as may be prescribed by regulation in terms of section *sixteen*, appoint such officers and employees as it may deem necessary to assist it to achieve its objects.

(b) Any person who immediately prior to the commencement of this Act is an officer or employee of the council and who does not in terms of section *twelve* of the Standards Act, 1962, become an officer or employee of the Council of the South African Bureau of Standards contemplated in that section, shall be deemed to have been appointed in terms of paragraph (a) as an officer or employee of the council, as the case may be.

(2) The president and the other members of the staff of the council who are in the full-time service of the council and occupy posts approved by the Minister shall be members of and shall contribute to the provident fund established under section *twelve* of the Higher Education Additional Provision Act, 1917 (Act No. 20 of 1917), in the same manner and subject to the same conditions as if they were members of the teaching or administrative staff of a university as defined by section *one* of the Universities Act, 1955 (Act No. 61 of 1955), and the council shall for the purposes of the said fund be deemed to be a university as so defined.

(3) The council shall be deemed to be a “council” as defined by the regulations governing the said provident fund and shall, anything to the contrary notwithstanding, pay to the said fund the contributions that the State would otherwise have been required to pay to it in respect of the president and the other officers and employees of the council who are members of the said fund.

(4) The council may second any of its officers or employees to the corporation established by section *two* of the Inventions Development Act, 1962, but if any officer or employee is so seconded, the terms and conditions subject to which he is employed by the council shall not be affected thereby.

11. (1) Subject to the provisions of section *twelve* the rights in all discoveries and inventions and in all improvements in respect of processes, apparatus and machines made by officers or employees of the council or by persons receiving research bursaries from the council, shall vest in the council which shall make such discoveries, inventions and improvements available for use in the public interest subject to such conditions and the payment of such fees or royalties as the council may, in accordance with regulations made in terms of section *sixteen*, determine.

(2) If the rights in any discovery or invention are in terms of sub-section (1) vested in the council, the council may award to the discoverer or inventor in ques-

of voorsiening maak vir geldelike deelname deur so iemand in die winste verkry uit dié ontdekking of uitvinding in die mate, wat die Minister ná oorlegpleging met die Minister van Finansies bepaal.

(3) Die raad kan aansoek doen om 'n patent ten opsigte van enige ontdekking, uitvinding of verbetering bedoel in sub-artikel (1), en by die toepassing van die Wet op Patente, 1952 (Wet No. 37 van 1952), word die raad beskou as die sessionaris van die betrokke ontdekker of uitvinder.

12. (1) Die raad kan op versoek van iemand, en op die plek en op die voorwaardes en onderworpe aan die betaling van die koste waarop ooreengekom word, besondere ondersoek instel of laat instel deur middel van sy amptenare of werknemers of deur middel van persone wat navorsingsbeurse van die raad ontvang, of deur middel van persone aan wie die raad spesiale toekennings gedoen het, met die doel om 'n ontdekking of uitvinding van of 'n verbetering ten opsigte van 'n proses, apparaat of masjien te doen.

(2) Die regte op 'n ontdekking, uitvinding of verbetering aldus gedoen berus of by die raad of by die persoon wat die ondersoek aangevra het, of by die persoon wat die ontdekking, uitvinding of verbetering gedoen het, mits hy iemand is aan wie 'n spesiale toekennings deur die raad gedoen is, volgens die bepalings van 'n skriftelike ooreenkoms wat vóór die ondersoek deur die betrokke partye aangegaan is.

(3) Indien die regte op enige ontdekking, uitvinding of verbetering by die raad berus ingevolge 'n ooreenkoms in sub-artikel (2) bedoel, moet die raad dié ontdekking, uitvinding of verbetering beskikbaar stel vir gebruik in die openbare belang en kan die raad aansoek doen om 'n patent ten opsigte daarvan, asof dit 'n ontdekking, uitvinding of verbetering was wat in sub-artikel (1) van artikel elf bedoel word.

(4) Indien ten gevolge van 'n ooreenkoms bedoel in sub-artikel (2), die regte op 'n ontdekking, uitvinding of verbetering by iemand anders as die raad berus, moet dié ontdekking, uitvinding of verbetering gebruik word of beskikbaar gestel word vir gebruik in die openbare belang, op die voorwaardes wat by die ooreenkoms bepaal word.

13. (1) Indien die regte op 'n ontdekking, uitvinding of verbetering ingevolge artikel elf of twaalf by die raad berus, kan die raad, ondanks die bepalings van genoemde artikels, die korporasie ingestel by artikel twee van die Wet op die Ontwikkeling van Uitvindings, 1962, versoek om dié ontdekking, uitvinding of verbetering te ontwikkel of te benut ingevolge die bepalings van daardie Wet.

(2) Indien die raad genoemde korporasie aldus versoek om 'n ontdekking, uitvinding of verbetering te ontwikkel of te benut, word die raad van al sy regte ten opsigte van dié ontdekking, uitvinding of verbetering ontdoen en—

- (a) word genoemde korporasie by die toepassing van die Wet op Patente, 1952 (Wet No. 37 van 1952), beskou as die sessionaris van die betrokke ontdekker of uitvinder; en
- (b) indien aan die raad 'n patent ten opsigte van die ontdekking, uitvinding of verbetering verleen is, word die raad geag dié patent aan genoemde korporasie te gesedeer het.

14. (1) Die Kontroleur en Ouditeur-generaal moet die rekenings en balansstaat van die raad ouditeer.

(2) (a) Die raad moet aan die Minister die inligting verstrek wat hy van tyd tot tyd mag vra in verband met die werksaamhede en finansiële omstandighede van die raad, en moet daarbenewens aan die Minister 'n jaarverslag voorlê, met inbegrip van 'n balansstaat en 'n staat van inkomste en uitgawes deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal gesertifiseer, 'n beraming van uitgawes ten opsigte van die volgende boekjaar, en die ander besonderhede wat die Minister verlang.

(b) Die Minister moet genoemde verslag in die Senaat en die Volksraad ter tafel lê binne veertien dae ná ontvangs daarvan, indien die Parlement in gewone sessie is, of, indien die Parlement nie in gewone sessie is nie, binne veertien dae ná die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

tion such bonus, or make provision for financial participation by him in the profits derived from such discovery or invention to such extent, as the Minister may after consultation with the Minister of Finance determine.

(3) The council may apply for a patent in respect of any discovery, invention or improvement contemplated in sub-section (1), and shall for the purposes of the Patents Act, 1952 (Act No. 37 of 1952), be regarded as the assignee of the discoverer or inventor in question.

12. (1) The council may, at the request of any person, and at such place and subject to such conditions and the payment of such charges as may be agreed upon, carry out or cause to be carried out through its officers or employees or through persons receiving research bursaries from the council or through persons to whom special grants were made by the council, special investigations with the object of making any discovery or invention or of any improvement in respect of any process, apparatus or machine.

(2) The rights in any discovery, invention or improvement so made shall vest in either the council or the person who requested the investigation or the person who made the discovery, invention or improvement, if he is a person to whom a special grant was made by the council, according to the provisions of a written agreement entered into by the parties in question prior to the investigation.

(3) If the rights in any discovery, invention or improvement vest in the council in pursuance of an agreement contemplated in sub-section (2), the council shall make such discovery, invention or improvement available for use in the public interest, and the council may apply for a patent in respect thereof, as if it were a discovery, invention or improvement contemplated in sub-section (1) of section eleven.

(4) If the rights in any discovery, invention or improvement vest in any person other than the council in pursuance of an agreement contemplated in sub-section (2), the said discovery, invention or improvement shall be used or be made available for use in the public interest subject to such conditions as may be provided by the agreement.

13. (1) If the rights in any discovery, invention or improvement vest in the council in terms of section eleven or twelve the council may, notwithstanding the provisions of the said sections, request the corporation established by section two of the Inventions Development Act, 1962, to develop or exploit such discovery, invention or improvement in terms of the provisions of that Act.

(2) If the council so requests the said corporation to develop or exploit any discovery, invention or improvement, the council shall be divested of all its rights in respect of that discovery, invention or improvement and—

- (a) the said corporation shall for the purposes of the Patents Act, 1952 (Act No. 37 of 1952), be regarded as the assignee of the discoverer or inventor in question; and
